

Vrydag 15 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 1:5-11

Fokusgedeelte: Nehemia 1:5-11

Pak elke taak biddend aan

Nehemia, die skinker vir die Persiese koning, het so pas gehoor van die ellende waarin Jerusalem is en waarin die bannelinge wat van die Ooste af daarheen teruggekeer het, hulleself bevind.

Ons leer ken Nehemia juis uit sy hartstogtelike gebede, waarvan vandag se fokusge-deelte die eerste is – 'n smeekgebed, 'n erkenning van sonde, en 'n voorbiddingsgebed vir die groot missie wat Nehemia aanpak. Hy weet dat enige taak, klein of groot, wat sonder God aangepak word, sinneloos is.

Elke dag pak elke mens, klein of groot, etlike take aan. Ons pak miskien nie elke dag 'n wekelange reis aan soos Nehemia nie, maar elke taak wat ons aanpak, hoe klein ook al, sal sonder die hulp van God sinneloos wees, 'n onbegonne taak.

Nehemia se gebed is dat God hom sal gebruik en die stad Jerusalem weer sal opbou, en die volk van God weer in hulle ware posisie sal bevestig, die posisie van uitverkore volk. Ons weet ook, omdat ons dit in die Woord van God lees, dat God die gebed van Ne-hemia en die res van die volk verhoor en dat Hy Jerusalem in alle ewigheid bevestig as die stad waar Jesus Christus as oorwinnaar ingaan.

As ons na vandag kyk, hoe ons hierdie dag met sy uitdagings aanpak, al is dit in die oë van die wêreld klein, moet ons elke taak wat ons aanpak, biddend aanpak, in die vaste oortuiging dat daar by God uitkoms is.

Sing: Psalm 103-1:7, 9

Teologiese Student PJ (Paul) Maritz